SA Media - The University of the Orange Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 10-Mar-2001
Topic: 08
Ref No: 4308
1
ID: 02659141-01
Source Page: 14

# Sasria nie binne vyf jaar geprivatiseer, sê regering

Jan de Lange

Die regering gaan vir nog minstens vyf jaar die eienaar van die SA Spesiale Risikovereniging (Sasria) bly en gaan nie dié maatskappy nou privatiseer nie omdat daar nie voldoende belangstelling daarvoor in die internasionale herversekeringsmark is nie.

Die regering sal egter binne enkele weke 'n spesiale dividend van R3,2 miljard van Sasria ontvang wat gebruik sal word om staatskuld te delg as deel van die R18 miljard wat die regering vanjaar moet ontvang uit die opbrengs van privatisering. Die res van die R18 miljard sal verkry word uit die verkoop van Transnet se aandeel in M-Cell en die notering van Telkom later vanjaar.

Dit bring die regering se opbrengs uit Sasria op R10,7 miljard te staan, want Sasria het reeds vroeër 'n dividend van R7,5 miljard betaal sedert met sy herstrukturering begin is.

Dit laat Sasria nou met 'n kapitaalbasis van R1,5 miljard, waarvan R500 miljoen gefinansierde kapitaal is en die res 'n waarborg van die regering om spesiale risikoversekering te onderskryf. Die internasionale aktuariële adviseurs Tillinghast-Towers Perrin het hierdie kapitaalstruktuur vir die fonds voorgestel en beskou dit as meer as voldoende vir Sasria om in die huidige omgewing sy doel te dien.

"Dit maak Sasria een van die hoogs gekapitaliseerde versekeringsmaatskappye in die land," het mnr. Cyril Ramaphosa, voorsitter van Sasria, gesê.

"Die sleuteloorweging waarom Sasria nie nou ten volle geprivatiseer kan word nie, is twyfel oor die vermoë van 'n spesiale risikoversekeraar om beskikbare herversekering in die internasionale mark te vind indien die spesiale risikoversekeraar se vermoëns nie beskikbaar is nie," het hy gesê.

"Ons glo daar sal ná die volgende vyf jaar voldoende vertroue wees asook sekerheid oor stabiliteit in Suid-Afrika sodat die regering uit die mark kan tree."

Me. Maria Ramos, direkteur-generaal van finansies, het gesê die regering is steeds daartoe verbind om Sasria uiteindelik ten volle te privatiseer.

"Die regering gaan voorlopig sy rol voortsit in die spesiale risikoversekeringsmark totdat ons groter sekerheid het dat die korttermyn-versekeringsbedryf in staat is om aan die behoeftes van die mark te voldoen," het sy gesê.

In die volgende vyf jaar sal die regering met die versekeringsbedryf saamwerk om 'n deurlopende model te ontwikkel waarvolgens die bedryf self in die toekoms spesiale risikoversekering kan verskaf. Dié bedryf is ten volle geraadpleeg oor dié nuwe herstrukturering van die fonds en ondersteun dit, het sy gesê.

Die kredietagentskap Standard & Poor het ná die aankondiging gesê die regering se besluit sal nie Standard & Poor se gradering van Suid-Afrika beïnvloed nie. Die gradering van A-/Stabiel/A-2 van die land se plaaslike geldeenheid en BBB-/Stabiel/A3 van buitelandse geldeenhede is verlede maand weer bevestig.